# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2024

**Viering** van ons geloof en mekaar se lewensmomente

**2024.29**

| | |
|---|---|
| | Amos 5:6-7; 10-15; Hebreërs 12:1-3; Hebreërs 10:35-36, 39. |
| | **Ons vier die Hervorming en 200 jaar van NG Kerkwees**<br>Op Hervormingsondag 27 Oktober gaan verskeie NG, Hervormde en ander gemeentes uit die gereformeerde familie saam feeseredienste hou. Dit vorm die eerste van ’n reeks feesgebeure wat in die noorde sowel as die suide beplan word rondom ’n betekenisvolle jaar vir gereformeerde kerke in Suider-Afrika.<br><br>Dit is vanjaar 200 jaar sedert 2 November 1824 – die datum van die eerste “Algemene Kerkvergadering” in Suid-Afrika. Hierdeur het 14 gemeentes op tuisbodem, die eerste treë begin gee na onafhanklikheid van die moederkerk in Nederland.<br><br>Dit is ook 500 jaar (1524) sedert die eerste Protestantse liedbundel van Luther én 90 jaar sedert die eerste Psalm- en Gesangeboek in Afrikaans op Hervormingsondag 1934 in gebruik geneem is.<br><br>Hoe klink ons negentig jaar later? Van kerksang gepraat: In 1924 besoek prof Herman Kuyper van die Vrije Universiteit ons land op uitnodiging van die Gereformeerde Kerke; hy ontmoet óók die sinodale kommissies van die NG Kerk in Bloemfontein en die Kaap. Sou daar ’n “verbroedering” kon kom? Want nóg ’n eeu tevore – in November 1824 – het ons veertien “Hervormde” gemeentes hier aan die suidpunt van Afrika in één “algemene kerkvergadering” saamgekom, waaruit ons onsself later NG, Gereformeerd, Zendingkerk en AGS sou gaan noem.<br><br>Die bekende teoloog Karl Barth stel dit dat ons verstaan van wie en wat die kerk is, die struktuur en regering van die kerk bepaal. ’n Mens sou die stelling natuurlik ook kon omdraai en vanuit die huidige konteks sê: “Hoe die kerk werk wys hoe ons verstaan wat die kerk is.” Maak ’n mens dit van toepassing op die eerste sinode wat op 2 November 1824 byeengekom het, gaan die gebeure oor veel meer as die historiese byeenkoms van ’n kerkvergadering. Dit wat 200 jaar gelede gebeur het word dan ’n eerste belangrike tree op pad na ’n bepaalde manier van kerkwees in Suid-Afrika, ’n manier van kerkwees, waar die struktuur van die kerk die gemeentes van die kerk tot diens behoort te wees.<br><br>Tweehonderd jaar later is die groot vraag: Wat beteken hierdie geskiedenis vir die kerk in Suidelike Afrika? As ons in ag neem wat Barth gesê het, handel die gebeure van 200 jaar gelede oor veel meer as die ontstaan van ’n kerkvergadering. Wat gebeur het, herinner ons opnuut aan die roeping van die NG Kerk. Dit daag elke gemeente van die kerk uit om waarlik kerk te wees in die konteks en tyd waarin ons leef. Kry die kerk dit reg, is die herdenking van die eerste Algemene Sinode in 1824 nie ’n stuk vervelige kerkgeskiedenis nie, maar word dit ’n belangrike moment in die geskiedenis van die NG Kerk. Miskien kan dit wat 200 jaar gelede gebeur het, so ook ’n baken van hoop, herstel en genesing word in ’n land wat daarna smag. |
| | • https://www.youtube.com/watch?v=mz_Fmd-MEmM<br>• https://kerkbode.christians.co.za/2024/07/18/jan-lubbe-uit-my-kerkdagboek-n-briefie-om-te-gedenk/ |

Dink bietjie:

- Wat het die kerk vir jou beteken?
- Hoe getrou was jy in jou geloofsbetrokkenheid by die kerk?
- Is jou gemeente nog vir jou jou geestelike ruimte waar jy jou geloof kan uitleef?

*Vir die groepgesprek:*

1. Lees die volgende woorde van Martin Luther:
   *Here, my beker is leeg en ek verlang dat U my weer sal vul. Ja, Here, kom vul my! Ek is swak in die geloof – kom en versterk my opnuut. My liefde is maar lou  kom, Here, en maak my weer warm ... vurig, dat my liefde sal uitstraal na hulle naby my. My geloof is nie sterk nie en dit wankel tog so maklik – ek twyfel soms 'n ander kere sukkel ek om op U te vertrou. O Here, help my. Sterk my geloof en vertroue. In U vind ek my rykdom. Ek is arm en U is ryk – en U het juis gekom om vir armes U genade uit te deel.   Ek is 'n sondaar, U is regverdig en daarom bly ek aan U sy. Ek het niks om vir U aan te bied nie. Ek kan alleen maar van U ontvang.*

   Vertel vir mekaar hoe julle sy woorde verstaan en of dit weerklank vind in julle eie geestelike behoeftes.

2. Wat beteken dit vir julle dat die NG Kerk al vir 200 jaar in Suid-Afrika 'n verskil maak?

*Vanuit die teksgedeeltes:*

1. Lees Amos 5:6-7, 10-15; Dit is 'n waarskuwing om meer doelbewus ons aksies te meet aan God se liefde en genade.
   - Maak ons 'n verskil?
   - Wat doen die NG Kerk vir die gemeenskap in die breë?

2. Lees Hebreërs 12:1-3.  Hoe gooi mens die las af wat ons vashou?

3. In Hebreërs 12:1 word gepraat van die skare geloofsgetuies om ons – watter verskil maak gemeentewees en saam met mekaar glo in ons lewens?  Of kan jy maar net by jou self glo?

4. Hebreërs 12:2: "*die oog gevestig op Jesus*"  In ons teologie sê ons dis genoeg, maar wat van al die ander reëls voorwaardes wat mense stel om die ewige lewe te kan kry? Is dit reg?

5. Hebreërs 10:35-36 en 39 moedig ons aan om in die geloof vas te byt – wat beteken dit vir die kerk vorentoe?

- Bid 'n dankbaarheidsgebed vir die kerk
- Bid 'n hoopgebed vir die kerk
- Wees betrokke waar die kerk 'n verskil maak in die alledaagse lewe – dis tog wat die Hervorming wou laat gebeur!